

# Op reis na die verste hoek

In Namibië voel dit soms asof jy stoksielalleen deur die landskap reis, asof in 'n ander, wilder eeu. In die Kunenestreek in die noordweste van die land raak **Toast Coetzer** die pad byster... op 'n goeie manier.

Wanneer jy hier staan met jou bakkie – by die aansluiting van die Mudorib- en Hoanibrivier – is jy rofweg 1 600 km van Pretoria én Kaapstad af. Dit beteken jy's baie naby aan die middel van nêrens, en dís 'n goeie ding.

Oorkantste blad, kloksgewys van bo. Elke kampplek by Spitzkoppe het 'n reuse-rots of tien waarop jy teen sonop kan gaan sit en kyk hoe die dag breek; Die gravure by die Twyfelfontein-wêrelderfenisterrein is plek-plek groot en uitspattig, maar soms subtiel en weggesteek onder windverweerde teksture; Hierdie olifant is afgeneem net duskant Twyfelfontein. Wanneer jy olifante in hierdie landskap teëkom, moet jy jou afstand hou.

Om by Spitzkoppe te wees is om geluk te vind. Kýk net! Byna onwillekeurig lig 'n glimlag na jou lippe en jou kamera na jou oog. Dit is amper sonsondergangtyd en ek en Henri le Roux van George staan op 'n groot klip met ons kameras.

Agter ons span die Boogrots, waarskynlik die gewildste fotoneemplek hier. Maar ons het klaar foto's daarvan geneem en korrel nou na die weste, waar die wolke hopelik binnekort pienk sal pronk.

'n Vierstuks voertuie hou 'n entjie weg stil en 'n luidrugtige span oorsese toeriste klim uit en stap ook Boogrots toe. Hulle gidse hoef skaars iets te sê, want die Spitzkoppe se prag en praal spreek vanself. Hulle vat selfone en kameras by hulle gaste en 'n groepfoto word geneem met die Boogrots in die agtergrond. Almal lag en gesels. Nou-nou eet hulle gemsboksteak by die lodge, môre slaap hulle seker in Swakop.

Dan is hulle weer vort, en die bleekvlerkspreeus keer terug, en kort voor donker is dit amper net ek en Henri wat oorbly op die groot klip met die son wat toe nie pierewaai nie, net saaklik dog sielvol wegsak agter die wolke. Dit is ook goed so.

Anderdag sal die sonsondergang weer pienk wees. Vandag is dit goed genoeg om hier te wees, om die uitbundigheid van een van Namibië se mooiste landskappe te ervaar en om klein te voel op die skurwe ronding van 'n klip.

Spitzkoppe bly een van die beste wegspringplekke vir 'n toer deur die noordweste van Namibië. Wanneer jy uit Suid-Afrika ry, kan jy binne twee dae hier wees – mits jy teerpadlangs hou, oor Windhoek en Okahandja.

Van hier af kan jy die voet van die pedaal begin lig en dinge rustiger vat. Twee weke is omtrent die minimum tyd wat jy nodig het om van Spitzkoppe tot doer teen die Kunenerivier te ry. Verby Damaraland (oftewel die Erongostreek) en die Kaokoveld (Kunenestreek) se meestal droë rivierlope is dit pure plesier om die Kunene oor die klippe te sien tuimel by die Epupawaterval. Daarom draai jy eers daar om, net 'n klipgooi kort van Angola af. En op pad terug loer jy sommer by Etosha ook in.

Dít is ook ons plan. Tussendeur wil ons grondpaaie ry, in die skadu's van anabome sit, wild en voëls soek, en saans sterre kyk totdat die koue ons tente toe stuur.

## *Olifante, in vlees én klip*

Ons is 'n konvooi van vyf voertuie – ek, die toergids Douwe Vlok (van Heuningland-toere) en die sjef Pine Pienaar ry voor in 'n Isuzu.

Dis 'n 4x4-toer, en ons gaste ry 'n verskeidenheid voertuie: Henri en Marie is in 'n Mitsubishi Pajero Sport, Edwin en Engela Pagel (van Windhoek) ry 'n dubbelkajuit-Hilux, Antionette en Jaco de Swardt (van Stellenbosch) is in 'n Land Cruiser-stasiewa en Antonette en Wynand Cornelius (van Benoni) ry 'n bielie van 'n Ford F250.

Maar slegs drie dae van die toer gaan jy régtig 4x4 ry – in die konsessiegebied wes van Palmwag. Al wat jy nodig het om die C-roetes en meeste van die D-roetes in hierdie geweste te ry, is 'n voertuig met goeie grondvryhoogte, en dalk 'n ekstra noodwiel vir wanneer die pad skurf raak.

Ná ontbyt ry ons Uis toe en mik dan skrams verby Brandberg, deur die Ugabrivier en met 'n agterpaadjie tussen mopaniebome en hererosesambosse deur na die Madisa Camp.

Die olifante wat gewoonlik in die Ugab hou, wei glo tans in dié omgewing, maar ondanks spore en mis rondom 'n watergat (waar ons wel vir 'n kwartier lank malende massas kweleas, namakwaduifies en lelspreeus dophou) bly hulle ons ontwyk.


**Die volgende oggend** ry ons in die rigting van Twyfelfontein. Hierdie deel van Damaraland is pure geologiese disko. Koppies en spitsbergies, tafelkoppe en ru rante, rooibruin en buffelvelswart, sand en los klippies so groot soos jou vingernael – dít als dans om die beurt oor die horison of langs die bakkievenster verby.

Skielik doem iets onverwags op: padwerke. Die D2612 word geteer! Dit is goeie nuus vir diegene wat Namibië se noordweste met 'n gewone kar wil besoek.

Kort voor Twyfelfontein se rotsgravures steek 'n aankomende bestuurder sy hand uit vir Douwe. Dis 'n ander toergids, en hy beduie waar ons – skaars 500 m van die ingang af – vyf olifante kan sien!


Dis 'n gelukskoot, want jy kan deur die ganse Erongo- en Kunenestreek toer en nóóit 'n grootvoet gewaar nie. Ons ry 'n kort veldpaadjie tot by die olifante, wat rustig wei. Fotograwe hou daarvan om die woestynolifante af te neem omdat hulle omgewing so gans >








### WAT SÊ DIE MENSE?



**Engela en Edwin Pagel, Windhoek**
Namibië bied landskappe wat jy nêrens anders in die wêreld kry nie, soos die ongelooflike rotsformasies by Spitzkoppe, en die Orrelpype naby Twyfelfontein. Dit was wonderlik om deur ons land te toer ná goeie somerreëns. Die gras het lanklaas só mooi gestaan!



**Henri en Marie le Roux, George**
Namibië se uitgestrekte landskap is altyd welkom, selfs al is dit jou hoeveelste besoek. Ons het Etosha die meeste geniet omdat daar baie aksie onder die wild was wat gesorg het vir unieke fotogeleenthede by die watergate tussen Olifantsrus en Okaukuejo. Ook die groot anabome en die woestynolifante in die Hoanibrivier was hoogtepunte.

anders is as die Kruger, Chobe of Pilanesberg. Die ooptes en die ru rotse gee jou olifantfoto daai X-faktor wat almal by die fotografieklub gaan laat "oe" en "aa".

Ons is nie die eerste mense wat olifante in die woestyn sien nie. Wanneer Tekla Tsaraes, ons gids, ons deur Twyfelfontein se terrein lei, wys sy ook rotspanele waar die afbeeldings van olifante ingegraveer is. Ook die voormense het gedink hulle is spesiaal, ook húlle het foto's geneem, kan jy maar sê.

## *Vars leeuspore*

Ons ry 'n kort entjie noord van Palmwag met die C43 en draai dan links. Die hekwag bestudeer ons permitte en laat ons binne. Nou is ons in die Palmwag-konsessie. Dit is 'n wildernisgebied waar jy net met 'n 4x4 kan ry.

Dit is vir eers 'n rotswêreld, derduisende vuisgroot klippe versier die grond soos 'n massakunswerk. Witgatbome se krytwit stamme staan ékstra uit teen die soms kleirooi klippe.

Die Uniabrivier lê links van ons. By Van Zyl se Gat vorm die rivier 'n waterval en 'n ravyntjie. Die waterval is natuurlik nou droog, maar onder in die skadu lê 'n nagswart poel. In die reënseisoen het hier duidelik vloedwater afgekom – dán moet dit soos 'n kleine Augrabies lyk.

Ons sien ons eerste wild van 'n uitkykpunt op 'n koppie af: Hartmann se bergsebras. Plek-plek verander die landskap – enkelhoë gras, reeds verbleik deur die son, verbloem die klippe vir 'n slag. Ons eet middagete in die skadu van 'n mopanie en sien leeuspoor langs die bakkie. Byna vreemder as Damaraland se woestynolifante is sy woestynleeus. Jy wonder: Wat vreet hulle? Dan sien jy 'n springbok, of 'n gemsbok, of 'n sebra.

Ons mikpunt is die kampplek naby Kai-Ais se Fontein (die fontein is sowat 'n kilometer weg en buite sig van die kamp sodat die diere in vrede kan suip). Hier is ebbehoutghwarries en biesies en... vars leeuspore! Ek, Douwe en Pine is eerste by die kamp en wanneer ons uitklim en die spore van nader bekyk, lyk dit wraggies asof een of twee leeus nou nét hier weg is.

Al die foto's wat ek al van Kai-Ais gesien het, wys 'n kaal landskap. Maar vandag lê die goudgeel gras soos 'n vlak see in elke rigting. Teen sonsondergang sit ons tussen die gras op ons kampstoele, net omdat ons kan. Wie weet wanneer ons weer dié voorreg gaan hê?

**Die volgende dag** ry ons verder wes – en hier word die omgewing weer kaal. Kaler en kaler. 'n Alleenkameelperd. 'n Swartaasvoël met sy swaar, stadige vlerkgeklap. Paarstuks springbok.

Ons bly hoopvol op die uitkyk vir swartrenoster, maar hulle is groot spelde in 'n uitgestrekte landskap. Later draai ons noord, en ry rofweg parallel met die grens van die Skedelkus- nasionale park. Dit is warm, en deur my venster na links dobber tientalle welwitschias in die lugspieëling soos vreemde jellievisse in die laaste see op aarde. 'n Mens voel uitgelewer aan die elemente. Alles is ver. Hier is nie water nie. Dit is warm. Jy is op die randjie van die kaart. Jy het nog nie verdwaal nie, maar as die GPS nóú ingee...

Die soeke na 'n skaduboom vir middagete raak amper ongemaklik. Hier is nie veel kandidate nie, en 'n skerf ontevrede kraaie vlieg op wanneer ons uiteindelik een opspoor.

Later klim ons van die harde, dorre vlaktes af en ry in die sanderige bedding van die Mudoribrivier, waar ons laatmiddag kamp opslaan.

Hier staan ons vir twee nagte. Bedags verken ons die Mudorib tot waar dit aansluit by die Hoanib, en ry soms stroomaf, en dan weer stroomop. Ons soek – en kry – nog olifante, en sien ook gesonde troppies gemsbok, springbok en kameelperd, en soms 'n vlugvoetige steenbok.

Ek en Douwe kry vroegdag 'n olifantbul by die Presidentswatergat, 'n mensgemaakte waterpunt by die samevloeiing van die Mudorib en Hoanib. Rustig drink hy diep kele vol. Ek lê plat op die grond voor die bakkie om 'n beter hoek te kry. Later begin die olifant in ons rigting stap, maar mik agter ons verby. "Bly net doodstil lê," fluister Douwe. Ek hou op foto's neem. Al wat ek hoor, is die ritmiese girts, girts, girts soos die olifant se loodswaar dog soepel pote op die gruis knars.

## *Die poel van alle poele*

As water iets is wat outomaties uit die kraan spuit wanneer jy dit oopdraai, dan vergeet jy hoe spesiaal dit is. Maar in Namibië besef jy opnuut hoe kosbaar water kan wees. Jy mis ook water as jy lanklaas gebad het, en in hierdie geval is dit ék wat lanklaas elmboog geskrop het... Drie dae gelede by Palmwag, om presies te wees.


Daarom sien ek al heeldag uit na die poel by Ongongo. Eers pak ons kamp op in die Mudorib, en ry dan stroomop uit die Hoanib >


Palmwag Lodge


Marie le Roux en Engela Pagel by Kai-Ais.



Gemsbokke, Hoanibrivier

## WAT SÊ DIE MENSE?



**Wynand en Antonette Cornelius, Benoni**

Dit is lekker om Namibië te besoek met sy vriendelike mense en paaie wat goed in stand gehou word. Die Damaraland-deel van die toer was veral mooi, met sy woestynlandskappe, olifante en die eindelose kilometers wat jy deur 'n plek soos die Palmwag-konsessie kan ry sonder om ooit 'n grensdraad of iets te sien.



**Jaco en Antionette de Swardt, Stellenbosch**

Namibië verras jou elke dag met sy natuurskoon – of jy nou van uitgestrekte vlaktes of sonsondergange hou. Ons het die paar dae in die Mudorib- en Hoanibrivier baie geniet. Dit was lekker om die rivierlope te ry, by 'n uitkykpunt te sit teen laatmiddag en natuurlik om die woestynolifante te sien.

Jy ervaar soveel kontraste: Die water van Ongongo en die droë landskap waardeur jy ry om daar te kom, die geel grasvlaktes en die rooi sand wat soms uitloer, die dag se helderblou lug en die nag se inkswart dieptes.

na Sesfontein. Op pad kom ons 'n mooi trop olifante teë. Dis asof hulle ons kom groet met 'n laaste "verbyvlug", spesiaal vir die kameras.

Die rivier is die pad – dis meestal sanderig, maar soms nat genoeg dat ons deur waterplasse ry. Daarna, in die oper vloedvlaktes, word dit poeierstof. Van voor af kom heelwat bakkie-verkeer. Dit is langnaweek in Namibië (ons reis is in Meimaand) en party mense het sommer die hele week afgevat om rond te ry. Wat 'n plesier om 'n wérklik wilde plek soos die Hoanib in jou agterplaas te hê!

By die Manchester United-winkel op Sesfontein koop ons Wilson's-toffies en koeldrank en 'n bier vir later, en dan ry ons deur Warmquelle na Ongongo. Die laaste stukkie pad na die Ongongo Waterfall Campsite is só knobbelrig van die klippe dat jy jou toffie versigtig moet kou of jou tong bly in die slag...

Terwyl Pine 'n nuwe stroganoffresep uitpasseer, en Douwe seker maak al sy gaste is gelukkig, stap ek met handdoek oor die skouer na die diep poel van Ongongo. 'n Paar mense van Warmquelle swem ook. Hoe's die water? Warm, wys hulle. Spring in.

Dis wraggies amper soos badwater wat 'n bietjie gestaan het. Die watergeut (dit gly meer in 'n rotsgeut af as wat dit val soos 'n waterval) bruis die donker poel binne. Van onder die oorhangrotse sypel nog strome deur – sommige strome is tasbaar warmer as ander. Twee waterskilpaaie se blink gesiggies loer later uit bo die oppervlak toe die poelverkeer stiller begin raak. Soos die skemer naderkom, verskyn vlermuise uit skeure en fladder rond, net om jou daaraan te herinner dat dié plek ook wild is.

## *Die guns van die matriarg*

Kort ná ontbyt neem ons foto's van twee papegaaiduiwe, 'n paradysvlieëvanger en 'n gros tiptolle wat ons vermaak in 'n wildevy reg voor ons kampplek. Maar vandag is die pad lank; ons moet aanstoot van Ongongo al die pad tot by die Epupa-waterval teen die Kunene.

Langs die Joubertpas verander die plantegroei, met kanniedoodbome, moringas en grootblaarsterkastaiings wat oorheers.

Verder noord en kremetartbome verskyn, die eerste van die toer. Ek klim uit en gaan groet die naaste een – met 'n palm oop teen die stam van 'n kremetart voel dit asof ek ietsie vir die boom kan sê. Dankie, ou maat, dat jy al só lank hier waghou oor 'n mooi hoekie van Afrika.

Opuwo is 'n deurmekaardorp met mense wat armbande by jou oop venster kom smous wanneer jy tenk volmaak, Himbas met kredietkaarte in die supermark, kinders wat bedel, 'n verkeerskonstabel wat sy ligte vir jou sal blou wanneer jy op die verkeerde plek stilhou en... 'n wonderlike eetplek, die Kaokoland-restaurant. Terwyl Douwe en Pine ons kosvoorraad aanvul, sit ek en die ander gaste in die koelte van 'n afdak en bestel hamburgers, slaai en skyfies.

Noord van Opuwo raak die C43 'n bedrieglike pad, vol skerp draaitjies en dippies waardeur jy nie te vinnig moet duik nie. Die Steilrandberg verrys na links, en later die Sebraberg na die noorde. Wanneer jy einde laas begin daal na die Kunenevallei, troon die Baynesberg imposant uit na die weste.

Epupa is veel meer van 'n dorpie as toe ek die eerste keer hier besoek afgelê het, meer as 15 jaar gelede. Meer woonhuisies, 'n kliniek, iets groots in aanbou, seker 'n regeringsgebou. En hier is meer lodges en kampplekke, almal ingeryg onder die makalanipalms op die oewer van die rivier.

Ons slaap by Omarunga Epupa Falls Camp, een van die Gondwana-groep se netjiese plekke. Talm ten minste twee aande by Epupa, want die kalmerende gedruis van die waterval laat jou weldra dieper sak in jou kampstoel, minder omgee oor onbeantwoorde e-posse wat in 'n ander werklikheid vir jou wag.

Jy kan maar meer as een keer na die waterval gaan kyk – van onder teen die rivier, én bo van die koppie af. Jy kan saans buite slaap, en die naghemel bekyk deur die skrefiesblare van die makalani's.

**Die noordweste van** Namibië is die leefwêreld van die Himbas, en jy sou hulle al van Uis af padlangs begin sien het omdat hulle tradisionele kleredrag uitstaan.

Maar wat gee jy in ruil of as betaling, en wanneer is 'n goeie tyd om foto's te begin neem? Jy wil iets leer uit die ervaring, maar ook nie onnodig ongeskik wees met jou stadsmaniere nie. Daarom is dit beter om hulle saam met 'n plaaslike gids te besoek, wat die taal praat.

Samuel Ndiaombe is 'n boorling van Epupa en hoewel hy op die tradisionele manier grootgeword het, het hy as 16-jarige skool toe gegaan sodat hy Engels kon leer. Dít het deure vir hom oopgemaak, en vandag is hy een van die gewildste gidse op Epupa. >



Douwe Vlok duik in Ongongo se poel.



Epupawaterval



Himbavrou, naby Epupa

Oorkant, kloksgewys van links bo. Die konvooi ry deur 'n sloop van die Kunenerivier wes van Swartbooisdrift; Papegaaiduiwe geniet die oggendson by Ongongo; Op 'n heuwel naby Swartbooisdrift word die afstammelinge van Dorslandtrekkers gedenk wat in 1928 van Angola na die destydse Suidwes-Afrika teruggetrek het; 'n Vrou vang vis in die Kunenerivier; 'n Witborsspreeu afgeneem by die Ruacana Eha Lodge.

Samuel klim by my in die bakkie en met die gaste agterna ry ons terug op ons spore – sowat 'n paar kilometer met die C43 langs.

Dan draai ons af na 'n Himba-kraal. Die son sit al hoog en die kinders jaag kleinvee uit die takkraal.

Die vroue sit eenkant waar die hutte staan. Dit is eers ongemaklik, maar sodra die gesprek tussen ons begin vloei, begin ek stadig maar seker iets leer van die harde werklikheid van die lewe van die Himbas.

Die uitstappie eindig met die koop van 'n paar aandenkings. Ek en Wynand skaf elkeen 'n groot houtbak aan. Jaco kies 'n beeldjie van 'n olifant.

Voordat ons vertrek, roep die matriarg van die groep, 'n statige vrou genaamd Kesi Tjikundi, my nader. Samuel verduidelik dat sy vir my 'n geskenkie wil gee as dankiesê vir ons besoek. Ek buk vooroor en sy oorhandig 'n snoer kraletjies van sade en pitte.

**Die Kunenerivier is** méér as net Epupa, en ons ry vir 'n volle dag al met die rivier langs, verby Swartbooisdrift tot op Ruacana. Dit is 'n warm, stowwerige tog, maar om in tandem met die Kunene te ry, hou jy vir oulaas vas aan hierdie omdraaipunt van jou reis.

Ons oornag by die Ruacana Eha Lodge, en Wynand en Jaco, wat al twee byna 40 jaar gelede hier in die weermag was, ry 'n paar draaie om te kyk waar hulle basis was.

Die laaste twee dae vertoef ons in die Etosha- nasionale park. Ons ry in by die westelike Galton-hek, kamp by Olifantsrus en ry dan deur die Sprokieswoud en oor eindelose ooptes (met watergate waar springbok, gemsbok, sebra en blouwildebees maal, op plekke ook olifant en kameelperd) tot by Okaukuejo, waar ons teen tienuur die aand nog fluisterend voor die verligte watergat sit en asem ophou toe twee swartrenosters begin stoei.

Namibië het ons vol stories geblaas – ook stof, 'n bietjie sonbrand, en stywe bene van lank in die bakkie sit. Maar die stof laat jy uitsuig by die karwassery, die sonbrand genees en jou bobeen is weer soepel ná 'n halwe jogaklas. Dit is die stories wat vir altyd bly, en dit is die stories wat jou wéér sal laat kom. >











## WAT SÊ DIE KENNERS?




**Tekla Tsaraes**
**Gids, Twyfelfontein**

Ek het in die Khorixas-omgewing grootgeword, ek is 'n Damara. My oupagrootjie, Ida Huseb, het hier rondom Twyfelfontein gebly, wat ons |Ui-||aes noem in Damara. Hulle was swerwers en het ook by plekkies soos Bloupoort en Mõrewag gebly – hulle het die gebied deurkruis. Hulle het gebly by plekke waar water was, en as die fontein opdroog, dan trek hulle weer verder.

Ek is nou al sowat vyf jaar as gids betrokke by Twyfelfontein. Ons kry almal opleiding by die Nasionale Erfenisraad van Namibië en moet verskeie kursusse voltooi, oor die fauna en flora van die gebied, die geologie, geskiedenis en so aan.

Dis vir my lekker om hier te werk, want dit gee my die geleentheid om my kultuur te deel met besoekers, en hulle meer oor Namibië te leer. Dis ook belangrik om 'n plek soos Twyfelfontein te bewaar vir ons kinders, en ons kinders se kinders.




**Samuel Ndiaombe**
**Gids, Epupa**

Ek is op Epupa gebore en ek onthou hoe ons as kinders bang was vir die toeriste. Dit was in die tyd net ná Namibiese onafhanklikheid, en omdat ons gewoond was aan die bosoorlog en om gewere te sien het ons gedink die toeriste se kameras was gewere!

Dit was een van die hoofredes hoekom ek besluit het om op 16 skool toe te gaan: Ek wou die toeriste verstaan. 'n Oom van my het my aangemoedig en gesê dat ek Engels op skool sal leer, en dít sal help om die toeriste te verstaan.

My ouers was bekommerd, want as seun moes ek omsien na ons vee. Ons het toe 'n ooreenkoms met my ouer broer – ek is die naasoudste – aangegaan. Ek sou een week skoolgaan, en dan weer 'n week by die huis bly om my broer te help met die diere.

Later het ek verdere onderrig ontvang op Okangwati, sowat 75 km van Epupa af, waar ek in die koshuis gebly het. My gidsopleiding het ek onder meer in Windhoek gekry.



## TOER MET *WEG* & HEUNINGLAND!

Die beste manier om 'n onbekende streek te besoek is saam met kundige gidse, veral indien jy 4x4-paaie wil ry. Toast het die Kunenestreek saam met Douwe Vlok van Heuningland-toere verken. In 2023 span *Weg* saam met Heuningland vir dié spesiale Kunenestreektoer – kom toer saam met ons.

**FOTOGRAFIETOER: KUNENESTREEK (DAMARALAND, KAOKOVELD, ETOSHA)**
**Wanneer?** 29 Mei tot 10 Junie 2023 (13 dae, 12 nagte)
**Hoe werk dit?** Dit is 'n kamptoer en jy ry jou eie kar. Douwe en sy span sorg dat jy lekker eet – al die maaltye word voorsien. Jy hoef ook nie eens tent op te slaan nie, want die span doen dit vir jou! Park- en konsessietariewe word gedek. Bring net jou kampstoel, slaapgoed, verkyker en kamera saam.

Dit is 'n fotografietoer en *Weg* se Toast Coetzer ry saam om jou te help met vrae oor jou kamera. Elke dag sluit unieke fotoneemgeleenthede by ikoniese – én minder bekende plekke – in.

Die toergroep word beperk tot 'n maksimum van 16 mense om 'n intieme atmosfeer te skep. Ons soek woestynolifante, stop by voëltjies, gesels oor bome en geniet elke sonsondergang.
**Watse kar het ek nodig?** Jy moet 'n 4x4 met goeie grondvryhoogte hê.
**Wat is die reisplan?** Die groeplede ontmoet by Spitzkoppe, en van daar ry julle deur Uis, verby Brandberg na Twyfelfontein, en dan na die Palmwag-konsessie (foto bo) vir drie aande. Julle verlaat laasgenoemde met die Hoanibrivier en ry dan na Sesfontein en Ongongo. Die toer draai dan noord en ná inkopies en brandstof ingooi in Opuwo span julle uit by die Epupawaterval vir twee aande. Hiervandaan volg julle die Kunenerivier oos tot by Ruacana, en die toer sluit af met twee aande in Etosha.
**Wat kos dit?** R26 230 p.p.
Besprekings ✆ 072 243 5251 (Liezl); 🖱 info@heuningland.com; 🖱 heuningland.com


Olifantsrus, Etosha




## DOEN DIT SELF

Groot dele van Namibië se Erongo- en Kunenestreek is maklik om op eie stoom te verken, selfs al het jy net 'n 4x2. Die onderstaande plekke is waar Toast-hulle tuisgegaan het – wees op die uitkyk vir *Weg Namibië 2022* (beskikbaar in September) vir meer verblyfopsies.

**SPITZKOPPE-GEMEENSKAPSKAMP**
Dis net 30 km (grondpad, soms sinkplaat) van die B2-teerpad – selfs al het jy nie tyd vir 'n langer reis deur Damaraland nie, móét jy ten minste een keer in jou lewe hier uitkom!
🖱 www.spitzkoppe.com

**MADISA CAMP**
Dis reg langs die D2612-grondpad sowat 90 km van Uis af in die rigting van Twyfelfontein.

Die kamp is uitgelê tussen mooi klipkoppe.
🖱 madisacamp.com

**PALMWAG LODGE**
Jy kan langs die swembad met 'n bier sit en kyk na die rooiwangparkiete wat nesmaak in die makalanipalms.

Woestynolifante besoek soms die omgewing rondom die lodge. Bereikbaar met 'n 4x2.
🖱 gondwana-collection.com

**PALMWAG-KONSESSIEGEBIED**
Slegs 4x4. Permitte is verkrygbaar by die Palmwag Lodge en kos R100 p.p. en R150 per voertuig per dag. Besoekers mag net op spesifieke aangewese kolle kamp (hier's geen geriewe nie – ry al jou rommel saam met jou weg). Ons beveel aan dat jy nie alleen hier invaar nie, want as jou voertuig probleme gee 'n dagreis van hier af, is jy in die knyp met 'n hoofletter k.

**ONGONGO WATERFALL CAMP**
Dit is sowat 28 km oos van Sesfontein. Die laaste 6 km is baie klipperig, maar jy sal dit kan ry indien jou voertuig goeie grondvryhoogte het.
🖱 ongongo.com

**OMARUNGA EPUPA FALLS CAMP**
Die 180 km lange C43-grondpad van Opuwo na Epupa is rybaar met 'n 4x2, maar ry asseblief stadig – die pad is vol bedrieglike duikies en draaitjies.
🖱 gondwana-collection.com

**RUACANA EHA LODGE**
Hier is nie veel oornagopsies op die dorpie Ruacana nie, maar hier kan jy kamp of in kamers bly. Die dorp lê by die aansluiting van die C35 met die C46 (albei teerpad).
🖱 www.ruacanaehalodge.com.na

**ETOSHA- NASIONALE PARK**
By Olifantsrus is slegs kampplek, maar by die groter ruskampe (Okaukuejo, Namutoni, Halali) is verskeie ander verblyfopsies.

Die park se paaie is gewoonlik almal begaanbaar met 'n gewone voertuig. (Die érge sinkplaatpad van Olifantsrus na Okaukuejo word tans reggemaak.)
🖱 nwr.com.na ■